

Bonsmaras staan sterk in Karoo

Indien jy gedink het die Karoo is nie beeswêreld nie, sal die verhaal agter Karooveld-Bonsmaras jou aangenaam verras. Dié rooi beeste skrik beslis nie vir 'n taai omgewing nie.



Die bul KVB 13984 van Karooveld-Bonsmaras is 'n goeie voorbeeld van die tipe Bonsmara wat in die Karoo aard. FOTO: VERSKAF

Bonsmaras se vermoë om in alle dele van Suid-Afrika uit te blink, is nie net 'n bemarkingsfoefie nie. Mnr. Dirk Spaargaren se Bonsmarastoekudde bewys al dekades lank dat dié rooi beestras selfs in die Karoo kan uitblink.

Spaargaren se pa het as 'n jong man saam met sy ouers uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. "Ek is dus self 'n F₁-generasie wat goed aangepas het!" sê hy.

"Ons het op 'n buurplaas die eerste keer gesien hoe goed die Bonsmara in ons wêreld presteer. Die beeskudde wat ons gehad het, het glad nie so mooi gelyk nie. Dit het ons gedwing om die ras se geskiktheid vir die Karoo na te vors. Die oorskakeling na Bonsmaras in 1986 was een van ons beste boerderybesluite."

OMGEWING

Die plaas Kingslynn, waar Karooveld-Bonsmaras gesetel is, is tussen Steynsburg en Middel-

burg in die Oos-Kaap geleë. Reën is maar skraps en wisselvallig. In 'n normale reënvaljaar kry hulle sowat 350 mm reën.

"Die omgewing bepaal jou keuses, en jy moet daarby aanpas," sê Spaargaren.

"My stoetkudde bestaan uit sowat 230 koeie wat op natuurlike veld en met 'n bietjie lek goed presteer gegewe die toestande. Ons drakrag is laag (14 ha/GVE), en weidingsbestuur is belangrik om in droogtetye te oorleef. Die natuurlike Karooveld hier het tipies steekgras, blousaad- en rooigras.

TELING

"Aanpasbaarheid en die vermoë om kondisie te behou in moeilike toestande, is heel bo aan my lys van seleksiekriteria. 'n Dier wat nie by die omgewing aangepas is nie, sal nie 'n goeie kondisie of haar vrugbaarheidspotensiaal handhaaf nie," sê Spaargaren.

Hy benut die Logix-syfers van SA Stamboek saam met sy erva-

ring en kennis oor die omgewing wanneer hy bulle koop.

Een van die redes hoekom hy die Bonsmara as ras en ook die telersgenootskap kies, is die gebruik en beskikbaarheid van betroubare en nuttige inligting oor diere en hul voorgeslag se prestasie.

"Die stelsel van die Bonsmara-beestelersgenootskap en die betroubaarheid van sy syfers is fantasties. Prestasietoetsing is die ruggraat van stoetteling. Ek kan dié syfers vertrou om beter, akkurate besluite te neem. Die genootskap se data is bo verdenking," sê Spaargaren.

"Dit is veral 'n bul se ma en ouma se prestasie wat vir my belangrik is, want die nageslag se geskiktheid as teeldiere is waar die wins lê. 'n Koeie wat elke jaar kalf en selfs nog op die ouderdom van 15 jaar in die kudde kan bly, is vir my die ideaal. In my kudde werk dit goed. Die kalfpersentasie is 90 tot 93."

Hy gebruik kunsmatige inse-

minasie wyd in sy kudde en is veral beïndruk met teelmateriaal uit die bekende Bonsmarateler mnr. Arthur de Villiers van Vrede se Arcadia-stoetery.

"Ek verkies 'n dier met 'n efinans kleiner bou. Ons kudde se BLUP-syfers vir skouerhoogte (-15) is laer as die rasgemiddelde.

"Melkeienskappe is ook gelyk aan die rasgemiddelde of 'n bietjie onder dit. Dit is nodig om die koeie 'n kans te gee om in dié omgewing aan te pas waar daar minder weiding is. As die koeie byvoorbeeld té groot is of té veel melk het, is haar voerbehoefte groter. Ek is veel eerder daarop ingestel dat sy elke jaar 'n gesonde kalf kan lewer wat in dié wêreld kan presteer, as om bloot swaar kalwers te teel."

Spaargaren se verse kalf die eerste keer op die ouderdom van sowat twee en 'n half jaar in Maart of April.

"Daarna is dit winter. Ons gee die eerstekalfverse dan 'n kans om te rus voordat hulle in November gedek word om weer in die lente te kalf soos die res van die koeikudde."

VEILING

Hy sê dat sy sewende produksieveiling (die derde Dinsdag in September) vanjaar weer gewys het hoe groot die aanvraag na goeie diere is. Die aanbod was 38 SP-bulle en sowat 70 jong, kommersiële vroulike diere. Alle diere is verkoop.

Die hoogste prys vir 'n bul was R80 00 en die gemiddelde prys R48 000.

Oop verse is teen 'n gemiddelde prys van R17 000 verkoop met die hoogste prys R19 000.

Dragtige verse is teen gemiddeld R19 000 verkoop. Die hoogste bod was R22 000. **LBW**

➤ NAVRAE: Karooveld-Bonsmaras, tel. **048 884 9008**; Bonsmara-beestelersgenootskap, webwerf: **www.bonsmara.co.za**, tel. **051 448 6084**.